

**Vrydag 10 November**

**Skrifgedeelte: Markus 2:13-22**

**Fokusgedeelte: Markus 2:21-22**

**Jesus maak alles nuut!**

Reeds in die Ou Testament het God deur die profeet Jeremia (31:31 ev.) bekend gemaak dat Hy 'n nuwe verbond met ons gaan sluit. Die ou verbond met al sy wetsvoorskrifte kon ons in elk geval nie nagekom het nie. Jesus se bediening was van die begin af daarop gerig om Jood en nie-Jood daarop te wys dat in Hom God se oomblik van nuwe begin aangebreek het. Jesus het nie gekom om die tekortkominge in die Ou-Testamentiese godsdiens te lap of beter te maak nie. Ook nie om dit net met iets beters te vul nie.

Die goeie nuus van die evangelie gaan juis daarvoor dat God in Christus heeltemal nuut begin het. Jesus het aan die kruis gesterf en uit die dood opgestaan sodat Hy ons vry kan maak van die bande van die sonde en die wet. Die Gees oortuig ons harte van God se liefde vir ons in Christus. Hy laat die liefde van Christus in ons groei soos 'n vrug.

Enigiemand wat Christus plus ons gehoorsaamheid aan die wet verkondig, is soos iemand wat met 'n nuwe stuk lap 'n stokou kledingstuk wil lap. Of dit is soos iemand wat in 'n stokou wysak nuwe wyn gooi. Lewers gaan iets mee-gee.

Jesus het gekom om die wet vir ons te vervul en ons vry te maak van alle mensgemaakte voorskrifte, reëls en rituele. Deur sy Gees skenk Hy aan ons die nuwe lewe. Nou reeds kan ons saam met Hom lewe en uitsien na die dag wanneer alles volmaak nuut gaan wees en waar ons volmaak by Hom en die Vader gaan wees.

*Sing: Psalm 33:2, 11*

*Ds. HJ (Hendrik) Stoltz (Ontdekkers)*